

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (47/16)

(Volg my op Twitter [justchad_cga](#))

Justin Chadwick 16 Desember 2016



“Humility is not thinking less of yourself, it’s thinking of yourself less” C S Lewis

DIE GEHALTE VAN KARTONNE IS NOODSAAKLIK VIR LANGAFSTAND SITRUSUITVOERE

Suider-Afrika se sitrusbedryf is die voorste langafstand sitrusuitvoerder in die wêreld. Sitrusvrugte vanaf die punt van Afrika word na bestemmings regoor die wêreld uitgevoer. Die vrugte verlaat die suidelike Afrika-kontinent in die middel van die winter, en arriveer in baie bestemmings in die middel van die warm en vogtige somermaande. Ontwerp en konstruksie van die kartonne is noodsaaklik om te verseker dat die vrugte ongeskonde en in 'n uitstekende kwaliteit om geëet te word, behoue bly.

Dawid Groenewald van CRI rapporteer as volg:


Bietjie goeie nuus. Na verskeie gesprekke met Sappi het hulle ingestem om met die toetsing van ons sitruskartonne in 2017 voort te gaan. Net soos in die verlede sal die toetse weer op koste van Sappi gedoen word. Soos u weet is hierdie deel van die akkreditasie-proses. Nog ander nuus. Op grond van die 2016 Sappi SANAS geakkrediteerde laboratorium se toetsresultate en ander CRI bepalinge is die volgende kartonvervaardigers vir die 2017 sitrusseisoen geakkrediteer. In alfabetiese volgorde: APL Cartons; Corruseal; Houers Koöperatief; Mpact Corrugated; Neopak; New Era Packaging; Sunnypacks.

Terwyl kartonne bespreek word, 'n herinnering aan diegene wat uitvoer om jul kartonontwerpe (grafieka) vir die kompetisie **wat saam** met die Sitrus Summit loop, aan Gloria (gloria@cga.co.za) te stuur. Sitrus van Suider-Afrika word **gekenmerk** deur 'n verskeidenheid van pragtige kartonontwerpe - die top drie ontwerpe sal by die Sitrus Summit (Port Elizabeth 8-9 Maart 2017 - sien www.cga.co.za vir meer inligting, en om te registreer) ten toon gestel word. As dit moontlik is, stuur asseblief drie fotos wat die **beoordelaars** sal help - een van die ontwerp, 'n gedrukte karton, en een foto van 'n aantal kartonne wat gepak is ('n palet sal die beste wees).

SUNKIST SLUIT AAN AS 'N BORG VAN DIE CGA SITRUS SUMMIT

Dit is met groot waardering dat die CGA bevestig dat Sunkist 'n silwer borg van die CGA Sitrus Summit is.

SAMESTELLING VAN SUID-AFRIKA SE VARS VRUGTE UITVOERE (US\$ MILJOENE) [AGBIZ]



SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)